# Hoofstuk van die dag: Matteus 23

> *Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word. (vers 12)*

Mag, eer, status, roem – dít is die dinge waarna ons in ons menslike natuur hunker. Dit is wat die politiek en die

ekonomie dryf. Menige verhouding ontaard in 'n magspel, selfs in die huwelik. Want mense wil baas speel oor ander, belangrik wees.

In God se wêreld werk dit nie so nie. Hier is belangrikheid nie 'n saak om na te jaag nie. Titels beïndruk God nie (vers 8). Een van Jesus se aanklagte teen die Fariseërs was juis hulle status-bewustheid (Mar 11:38-39). Onder God se mense mag dit nie 'n faktor wees nie, sê Jakobus (Jak 2:2-4).

Nee; nederigheid en beskeidenheid is hier die grondhouding. Dit het Jesus by uitnemendheid vir ons voorgeleef. Daarom het Hy tyd vir sondaars en siekes, en selfs vir kindertjies. Daarom sien ons Hom by die laaste pasga wat Hy saam met sy dissipels gevier het, met 'n handdoek om die lyf, besig om hulle voete te was (Joh 13:4,5). Hy is immers sagmoedig en nederig van hart (Matt 11:29).

Wanneer Paulus beskryf wat met 'n mens gebeur in wie die Gees werksaam is, is nederigheid een van die karaktertrekke wat hy noem (Gal 5:22-23a).


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026